Waardegedrewe skool/Value-driven school

- *Integriteit/Integrity*
- *Omgee/Caring*
- *Respek/Respect*
- *Selfdissipline/Self-discipline*
- *Verantwoordelikheid/Responsibility*
- *Hardwerkendheid/Diligence*

Hoërskool MELKBOSSTRAND High School

"Sentrum van Uitnemendheid/Centre of Excellence
Ons berei jou kind voor vir sukses/We prepare your child for success"

http://www.melkboshigh.co.za

Tel: (021) 553 0086/ 553 1277/ 553 5104/ 553 1957
Faks/Fax: (021) 553 3016
finansies@hsmelkbos.co.za
admin@hsmelkbos.co.za
Posbus/Postal Box 311 Melkbosstrand 7437
Skoolhoof/Headmaster: D.J. Ross
(B.Com Honneurs/Honours, HOD/HED US/SU)

28 Augustus 2019

Geagte Skoolhoof en Ouer

Mariene Wetenskappe

Die WKOD het Hoërskool Melkbosstrand gekies as 'n loodsskool vir hierdie nuwe vak wat tot die kurrikulum bygevoeg is. Vanaf Januarie 2020 sal graad 10-leerlinge Mariene Wetenskappe as 'n vak by Hoërskool Melkbosstrand kan neem.

Die Hoërskool Melkbosstrand sal ook as 'n nodus dien waar Mariene Wetenskappe twee dae per week, van 15:00 – 18:00 aangebied sal word. Dit sal dus moontlik wees vir leerders van ander skole om die vak as 'n agtste vak hier te neem.

Wat behels die vak?

"It is a first for us, and a first for Africa. The curriculum is already recognised around the world as one to strive towards." (Mnr. Russel Stevens, Two Oceans Aquarium)

Die vak het 'n sterk Geografie en Lewenswetenskappe agtergrond en fokus op die waarde van die oseaan vir die mens asook die volhoubare benutting van die oseaan as voedsel- en energiebron. Die belangrike rol van die oseaan ten opsigte van vervoer en die klimaatkrisis word ook aangespreek.

Belangstellendes kan meer inligting kry oor die nuwe kurrikulum deur die volgende skakels te gebruik:

https://www.education.gov.za/Portals/0/CD/National%20Curriculum%20Statements%20and%20Vocational/CAPS%20FET%20Marine%20Sciences%20Final%20for%20Government%20Gazette.%2010%20May%202019.pdf?ver=2019-05-14-154537-760

of

https://www.education.gov.za/

Wie kan die vak neem?

Die vak word aanbeveel vir leerders wat ‘n minimum van 60% vir Wiskunde, 70% vir Sosiale Wetenskappe (Aardrykskunde) en 70% vir Natuurwetenskappe (Biologie) in gr. 9 behaal.

Mariene Wetenskappe sal ‘n uitstekende keuse wees vir ‘n beroep waarin die oseaan ‘n belangrike rol speel.

Koste

Leerders wat die vak by Hoërskool Melkbosstrand as deel van hul normale vakkeuse neem, betaal slegs hul normale skoolfonds soos deur die Skoolbeheerliggaam (SBL) bepaal.

Leerders wat Mariene Wetenskappe as ‘n agtste vak neem, moet ‘n registrasiefooi van R500,00 betaal voor of op 30 September 2019. Die maandelikse tarief sal bepaal word deur die SBL van Hoërskool Melkbosstrand. Alle leerdermateriaal sal verskaf word en is ingesluit by die fooie.

Kontakbesonderhede

Kontak die skool per e-pos admin@hsmelkbos.co.za indien meer inligting verlang word. Aansoekvorms word elektronies of fisies deur die skool verskaf. Die skool kan slegs ‘n beperkte aantal leerders akkommodeer daarom is dit noodsaaklik dat aansoeke so spoedig moontlik ingedien word.

_____

Mnr. D.J. Ross

Skoolhoof